NR. W27918P SPEURDER/ADJUDANT/OFFISIER KAREL JOHAN DE BRUIN VERKLAAR IN AFRIKAANS :

138

1.

Ek is 'n s/a/off. in die S.A. Polisie en verbonde aan die Veiligheid-tak te Ladybrand.

2.

Sedert Desember 1981 is ek toegesê aan die Ondersoekeenheid van die Veiligheidstak te Johannesburg.

3.

Op 82-01-25 vanaf omstreeks 09h30 tot ongeveer 14h30 het ek saam met luit. Whitehead en s/a/o Carr vir witman Neil Hudson Aggett ondervra in die kantore van die Veiligheidstak te Johannesburg, ten opsigte van sekere van sy onwettige aktiwiteite. N.H. Aggett was 'n aangehoudene in terme van art. 6(1) Wet 83/1967 - Wet op Terrorisme.

4.

Op 82-01-26 vanaf omstreeks 09h00 was Neil Aggett weer deur dieselfde lede ondervra tot ongeveer 15h30.

5.

Op 82-01-27 vanaf omstreeks 08h30 was Neil Aggett weer deur dieselfde lede ondervra tot om ongeveer 15h00.

6.

Op 82-01-28 vanaf omstreeks 09h00 is Neil Aggett weer deur dieselfde lede behalwe luit. Whitehead ondervra tot omstreeks 14h00.

7.

Op 82-01-29 omstreeks 08h00 het ek alleen met Neil Aggett in 'n kantoor gesit. Aggett was besig om nota's te maak en sy verklaring aan te vul. Omstreeks 16h00 is hy weer ondervra deur luit. Whitehead en myself. Dr. Neil Aggett het vanaf 24h00 tot om 06h00 op 82-01-30 in die kantoor geslaap terwyl ek en luit. Whitehead sy nota's en verklaring nagegaan het. Om 06h00 het ek van diens gegaan.

8.

Op 82-02-01 om 08h24 is dr. Neil Aggett weer uit die selle gehaal en het hy voortgegaan met sy nota's en aanvullende verklaring. Dieselfde prosedure is op 82-02-02, 82-02-03 en 82-02-04 gevolg.

9.

Op 82-02-05 het ek verneem dat dr. Neil Aggett in die polisieselle oorlede is.

10.

Die laaste keer dat ek vir dr. Neil Aggett lewend gesien het was op 82-02-04 omstreeks 15h00. Hy het soos gewoonlik normaal voorgekom en geensins 'n teken van neerslagtigheid of moedeloosheid getoon nie. Hy was oor die algemeen 'n stil en saggeaarde persoon.

W27918P.

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.